# Sondag, 19 Februarie 2012

**Preekreekse – Sondae om 08:30, 10:15 & 18:30**
MP3's, preeknotas, *slides* en transkripsies beskikbaar by mosaiek.com/mosaiek-speler.

## Antieke wysheid – 'n Reeks uit Spreuke...

*"... so we'll know how to live well and right, to understand what life means, and where its going" ~ Proverbs 1 The Message*

| | | |
|---|---|---|
| 19 Februarie | Vriendskap maak saak | Johan Geyser [AM]<br>Roelof Nel [PM] |

Daar is nog vandag 'n boekie (*Treasured Psalms and Proverbs*) wat by die reeks aansluit, te koop by die toonbank in die ingangsportaal.

## *Finding life in the desert* (Lydenstydreeks)

*Then Jesus was led by the Spirit into the desert… ~ Matthew 4:1 NIV*

| | | |
|---|---|---|
| 26 Februarie | *Overcoming Temptation* | Trevor Hudson [AM]<br>Jacques Bornman [PM] |

## Klipkerk *Lectio Divina*

**Sondag om 17:30**
'n Tyd van aanbidding, bepeinsing en gebed rondom vandag se tema uit Spreuke 17:1, 18:24 en 27:19.

**Weeksdae om 12:00**
Van Maandag tot Donderdag word daar ook oor die bogenoemde skrifgedeelte gereflekteer.

## DAGBOEK

| | |
|---|---|
| 19 Februarie<br>Sondag | ***Formatio*-toonbank** – Daar sal vandag 'n *Formatio*-toonbank in die ingangsportaal wees. Indien jy enige navrae het oor *Formatio* of enige van die leerervarings in 2012 besoek hulle gerus.<br>*Baretta Nel 011 215 7202 / barettan@mosaiek.com* |
| 21 Februarie<br>Dinsdag | **Eerste doopgesprek** – Begelei deur Neels van der Bergh 19:00 / *Viaticus 101.*<br>*Belinda Karstens 011 268 4703 / belindak@mosaiek.com* |
| **22 Februarie<br>Woensdag** | **AsWoensdag – Daar is 12:00 spesiale Aswoensdag-geleentheid in die Klipkerk en herhaal om 18:30.**<br>***Jacques Bornman 011 268 4708 / jacquesb@mosaiek.com*** |
| 23 Februarie<br>Donderdag | ***nFuse* jongvolwassenes** – *Social*: Hamburger- en *quiz*-aand. 18:30 / *Mezzanine* / R20 per persoon / R.S.V.P teen 20 Februarie by *Roelof Nel 011 268 4785 / nfuse@mosaiek.com* |
| 25 Februarie<br>Saterdag | **Seniors Nuwejaarstee** – Met die tenoor Pierre van der Westhuizen en geselskap / 10:00 tot 12:00 / *Mezzanine. Christie Koen 011 268 4700 / ontvangs@mosaiek.com* |
| 28 Februarie<br>Dinsdag | **Tweede doopgesprek** – Begelei deur Neels van der Bergh 19:00 / *Viaticus 101.*<br>*Belinda Karstens 011 268 4703 / belindak@mosaiek.com*<br><br>***nFuse* jongvolwassenes** – *Scripted*: 'n Weeklikse byeenkoms vir jongvolwassenes waar ons gaan *journey* rondom relevante lewensvaardighede en temas uit die Bybel. Eerste tema: *Printing press* / 19:00 tot 20:30 / Genesis: Hoofstuk 1. Registeer gerus by *Magda Botha 011 268 4704 / magdab@mosaiek.com* |
| 3 Maart<br>Saterdag | ***Wholeness: Divine Delight*** – Seksualiteitsleerervaring begelei deur Petro en Zieg Weber / 08:30 tot 15:00 / *Viaticus 102*. Registeer gerus by die i-desk.<br>*Baretta Nel 011 215 7202 / barettan@mosaiek.com* |
| 4 Maart<br>Sondag | ***Blooddrive*** – Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens hou 'n *"blood drive"* by Mosaïek, tussen 09:00 en 12:00 voor *Wholeness.* |
| 17 Maart<br>Saterdag | **Kindertoewyding-toerusting** – 08:30 tot 12:00 / Genesis: Hoofstuk 2<br>*Magda Botha 011 268 4704 / planetj@mosaiek.com* |

## ALGEMEEN

**LYDENSTYD** word jaarliks op die kerk-kalender gedenk as 'n seisoen van opoffering en afsondering in aanloop tot Heilige week. Daar word spesiale Klipkerk-byeenkomste op AsWoensdag gehou om die begin van Lydenstyd te gedenk, om 12:00 en 18:30. Ons wil jou uitnooi om saam met ons te *journey* vanaf AsWoensdag, 22 Februarie vir 40 dae tot Palm-Sondag, 1 April. 'n Beperkte aantal gedrukte Lydenstydhandleidings is vandag beskikbaar by die Lydenstyd-toonbank in die ingangportaal, of jy kan 'n PDF-dokument aflaai by www.mosaiek.com/lydenstydhandleiding-2012. Vir meer inligting kontak gerus vir Jacques Bornman 011 268 4708 / jacquesb@mosaiek.com.

**MOSAÏEK *INVEST* 2012** is die inisiatief wat fondse bestuur en rig om die drome vir ons gemeenskap te bereik. Mosaïek voel gelei om onder die drie bewegings OPwaarts, METwaarts en UITwaarts, dié drome in lyn met vyf oogmerke te bereik. Meer inligting beskikbaar by die i-desk, of by www.mosaiek.com/invest beskikbaar. Navrae kan gerig word aan Tiaan Willemse tiaanw@mosaiek.com / 011 268 4753

**DOOP-GESPREKSGELEENTHEID** – Op 11 Maart het ons die geleentheid om saam met 'n aantal mense hulle plek in hulle geloofsreis te gedenk deur die eerste van ons twee doopgeleenthede van 2012. Indien jy hierdie stap wil neem, nooi ons jou uit om 'n spesiale doopgesprek by te woon. Dié gesprekke vind plaas op 21 en 28 Februarie met 'n verpligte sessie op 6 Maart 19:00 in *Viaticus* 101. Die bywoning van die gesprekke, en registrasie vir die doop is noodsaaklik. Meer inligting is beskikbaar by die i-desk, op www.mosaiek.com/doop of kontak vir *Belinda Karstens by 011 268 4703/ belindak@mosaiek.com.*

**Vakante pos:** Ontvangs en Skakelbord – Verantwoordelik vir die effektiewe en professionele ontvangs en telefoniese dienste asook administratiewe bystand en datastelselopdatering. Aansoeke sluit 20 Februarie 2012. Stuur CV aan belindaw@mosaiek.com

***Origins***: Mosaïek neem eienaarskap van die woonhuis by *Origins* vanaf 1 April 2012. Behalwe ingeboude kaste is daar geen meubels en toerusting nie. Besoek gerus ons webwerf by http://www.mosaiek.com/origins-huis indien jy ons in die verband kan bystaan.

## AKADEMIE

By die Mosaïek Akademie word 6 programme aangebied wat deur SATS aanvaar word met die oog op voltooiing van 'n B.Th-graad in Teologie. Die Akademie kan jou help om jou roeping te ontdek. Jy kan ook deur die proses duidelikheid kry oor jou roeping in jou huidige omstandighede, of die studies kan jou toerus vir 'n totaal nuwe rol wat jy moontlik in die toekoms kan vervul. Kursusonder-werpe sluit in Jeugwerk, Musiek en Spiritualiteit, Leierskap, Spiritualiteit, Pastorale Sorg en Geestelike Begeleiding. Dié modules word bekostigbaar aangebied as 'n kombinasie van klasloop en afstandstudies. Indien jy belangstel vul gerus 'n 'hou my ingelig'-poskaart in by die i-desk of op *www.mosaiek.com/akademie.* Dan sal prospektus en registrasievorms aan jou gestuur word. Registrasies sluit volgende week op 26 Februarie. Navrae: *Baretta Nel 011 215 7202 / barettan@mosaiek.com*

## NUWE GENERASIE

| | |
|---|---|
| ***Planet J***<br>(kinderbediening) | Vandag om 08:30 & 10:15 in Genesis en *Viaticus*.<br>Registrasies vir 2012 kan by die registrasiepunt by *Planet J* plaasvind of op mosaiek.com |

***D-Bugs*** [ 2 tot 3 jaar ]
Genesis: Hoofstuk 1
*Jesus is God se geskenk – Ons is lief vir Hom*

***Skyrockets*** **–** [ 4 tot 6 jaar ]
Genesis: Hoofstuk 5
*Jesus loop op die water*

***X-plorers*** [ 7 tot 9 jaar ] ( Graad 1 tot 3 )
*Viaticus* 102
*Wonderwerke van Jesus – Ete vir 'n skare*

***@venturers*** [ 10 tot 12 jaar ] ( Graad 4 tot 6 )
*Viaticus* 101
*Gelykenisse van Jesus – Die ryk dwaas*

***Backpackers*** **[ 13 jaar ]** ( Graad 7 )
Genesis: Hoofstuk 4
*'n Nuwe ID*

**Elke kind is vir ons kosbaar, daarom moet ons ter wille van hulle veiligheid vra dat elke kind na die diens in sy onderskeie lokaal afgehaal word. Van 08:30 tot 09:30 en weer van 10:15 tot 11:15 is 'n *'space cadet'* by die ingang aan diens om navrae te hanteer.**

***Planet J* medewerkersgeleentheid** – Ons kinderbediening, *Planet J* nooi jou uit om by die span in te skakel en so ons nuwe generasie te dien. As jy meer wil uit vind oor die medewerksgeleentheid gesels met *Roelof Nel 011 268 4785 / planetj@mosaiek.com.*

| | |
|---|---|
| **Ouers met klein kinders** | Jy is welkom om die diens op die skerms in die *Viaticus Lounge* te geniet terwyl jou kind op die speelraam speel. |
| ***Mezo***<br>(hoërskoolbediening) | Vandag om 08:30 tot 11:15 in die *Mezzanine*<br>Registrasies vir 2012 kan by *Mezo* plaasvind of op mosaiek.com.<br>**Graad 8 tot 9** en **Graad 10 tot 12 – Tema:** *Tick tock*<br>*Miranda Wentzel 011 268 4776 / mirandaw@mosaiek.com* |
| 16 tot 18 Maart | ***Mezo Chappies*-kamp** – Groot *fun*, kuier, *worship* en mekaar beter leer ken. By Braambos Kampsentrum. Registrasies sluit 5 Maart. Registrasie vorms beskikbaar by die i-desk of by *Mezo*.<br>*Miranda Wentzel 011 268 4776 / mirandaw@mosaiek.com* |

## *FORMATIO*

*"The struggle to experience God is not so much one of God's presence or absence as it is one of the presence or absence of God in our awareness. God is present to us, but we are not present to God." ~ Ronald Rolheiser.*

*Formatio* is 'n groei- en toerustingsgeleentheid op jou *journey* na 'n groter bewustheid van God se teenwoordigheid in elke faset van jou lewe – jou menswees, spiritualiteit, roeping, gesin en finansies. Kom pak hierdie reis saam met ons aan. Vir meer inligting sien die info-brosjure by die i-desk.

### Eerste kwartaal-leerervarings

***The heart's desert journey*, met Trevor Hudson** — **22 Februarie tot 14 Maart / 18:30 tot 21:00**

Sluit aan by Trevor en jou mede-reisigers op 'n verkenningstog die woestyn in op soek na die diepere betekenis van die rol wat die woestyn gespeel het in die lewe van Jesus. Kom beleef die rol wat die woestyn ook vandag steeds in jou lewe kan speel.
Neem kennis beperkte plek is beskikbaar. Registrasies sluit 20 Februarie.

**Ek en my geldsake, met Johan Gouws en span** — **29 Februarie tot 14 Maart / 18:30 tot 21:00**

In hierdie leerervaring fokus ons op die individu se geldpersoonlikheid en die gawes wat ons ontvang het om ons finansies beter te bestuur.

Registreer gerus by die i-desk of mosaiek.com. Navrae oor die *Formatio*-leerervarings kan gerig word aan *Baretta Nel 011 215 7202 / barettan@mosaiek.com*, of besoek vandag die toonbank in die ingangsportaal.

## *COMMUNITY*

**Gebedsversoeke –** Indien jy 'n spesifieke gebedsversoek het is jy welkom om dit aan ons deur te gee deur die Gebedsversoekvorm in te vul by die i-desk of te stuur na gebed@mosaiek.com. In 'n noodgeval kontak gerus ons pastorale sorg-noodlyn 082 372 6818.

### Bedieninge

| | |
|---|---|
| ***Maximus*** | Mannebediening – Geleentheid om saam te gesels en bid ... Vrydae / 05:30 tot 06:30 en Saterdae / 06:00 tot 07:00 Klipkerk. *Pieter van der Walt 082 820 1519* |
| ***Seniors*** | Weeklikse byeenkoms, Woensdae / 10:00 / *Mezzanine. Gert en Christie Koen 084 581 3221* |

Die volgende ondersteuningsgroepe val onder ons *Community*-span: Enkelma's, *Materno*, Diabete, Seniors en die Verlies-ondersteuningsgroep. Vir meer inligting oor byeenkomste, aktiwiteite en weeklikse byeenkomste, besoek gerus ons webwerf by mosaiek.com/ondersteuningsgroepe. Die volgende belangegroepe val onder *Community*: Fietsryklub, Drafklub, *Maximus*, *Feminae*, 30*Somethings*, *Expiditio*, *Visual Poets* (Beeldende Kunste) en *Moving Hearts* (Mosaïek Dans-span). Vir meer inligting oor byeenkomste, aktiwiteite en weeklikse byeenkomste, besoek gerus ons webwerf by mosaiek.com/communitas. Navrae: *Magda Botha 011 268 4704 / magdab@mosaiek.com*

## *MISSIONAL EXPRESSIONS*

Indien jy wil inskakel by een van *Missional Expressions* se programme of as mentor vir die studente / skoliere wil optree, registeer gerus by die i-desk of kontak vir Nerina Reinach by *nerinar@mosaiek.com / 011 268 4702.*

***Paradigm Shift*** *is a Missional Expressions initiative to empower and train entrepreneurs from local communities to improve their businesses. Currently we need some volunteers to act as mentors. Should you be interested in becoming a mentor or to get more information regarding the program, please contact Roelita Cloete roelita.cloete@gmail.com*

## PREDIKERS, DAGBESTUUR EN *EXCO*

**Johan Geyser** (Kultuurargitek) 011 268 4703 / johang@mosaiek.com
**Trevor Hudson** (Deeltydse leraar) trevorh@mosaiek.com
**Sue Calldo** (Finansiële bestuurder) 011 268 4724 / suec@mosaiek.com
**Frans van der Merwe** (Operasionele gids) 011 268 4715 / fransv@mosaiek.com
**Tiaan Willemse** (Navigasieleier) 011 268 4753 / tiaanw@mosaiek.com
**Jeanetta Basson** (*Missional Expressions leader*) 011 268 4710 / jeanettab@mosaiek.com
**Ettienne Booysen** (Belewenisgids) 011 268 4713 / ettienneb@mosaiek.com

Algemene navrae kan gerig word aan: info@mosaiek.com / 011 268 4700. Meer inligting is op ons webwerf beskikbaar www.mosaiek.com/kontaklys.

**Community ...** Verskeie ruimtes bestaan in die gemeente waar jy jou lewe diep met ander kan deel . Besoek gerus ons Community webblad by www.mosaiek.com/community vir al ons aktiwiteite.

* **Algemeen:** Indien jy met iemand wil gesels oor waar om in te skakel of enige ander algemene Community-navrae, kontak vir Magda Botha – magdab@mosaiek.com / 011 268 4704 om 'n onderskeidingsgesprek met een van die leiers te reël.
* **Kleingroepe:** Vir meer inligting rakende kleingroepe of luistergroepe, kontak Jacques Bornman – jacquesb@mosaiek.com / 011 268 4708.
* **Bedieninge:** Vir meer inligting rakende die verskeie belangegroepe, ondersteuningsgroepe of dienswerk-geleenthede, kontak Pieter le Roux – pieterl@mosaiek.com / 011 268 4712.

**Databasis ...** Meld gerus enige verandering van kontakbesonderhede, asook vertrek uit die gemeente, op die toepaslike vorm by die i-desk / ontvangs@mosaiek.com / 011 268 4700.

**Doop ...** Vir persone wat hierdie stap in hulle geloofslewe wil neem, is daar elke jaar twee spesiale geleenthede wat voorafgegaan word deur algemene doop-gesprekke.
Belinda Karstens – belindak@mosaiek.com / 011 268 4703.

**Formatio ...** Mosaïek se groei- en ontwikkelingsbeen bied geleentheid om te groei op jou *journey* na God, met ander en na die wêreld.
Baretta Nel – barettan@mosaiek.com / 011 215 7202.

**Kindertoewyding ...** Sien 'dagboek' vir toepaslike datums. Let asseblief op dat registrasie op die 1[ste] van elke maand sluit. 'n Verpligte toerustingskursus vir ouers vind gewoonlik op die Saterdag vóór die ToewydingSondag plaas.
Magda Botha – magdab@mosaiek.com / 011 268 4704 / www.mosaiek.com/kindertoewyding.

**Klipkerk ...** Die Klipkerk is 24 uur per dag beskikbaar vir private gebed en afsondering. Van Maandag tot Donderdag om 12:00 tot 12:30 vind daar 'n afsonderingsgeleentheid met nagmaal plaas.
Jacques Bornman – jacquesb@mosaiek.com / 011 268 4708

**Kommunikeer met ons ...** 'n Spesiale kommunikasievorm is by die i-desk beskikbaar, of maak gebruik van die algemene navraagvorm op www.mosaiek.com. Ons hoor graag van jou.

***Missional Expressions*-donasies ...** 'n Donasiekas vir skenkings soos klere, kos, komberse en bababenodigdhede is in die Teatro se ingangsportaal beskikbaar; die skenkings word deur die *Missional Expressions*-span aan minderbevoorregtes versprei.
Nerina Reinach – nerinar@mosaiek.com / 011 268 4702

**Mosaïek Galery** ... Navrae oor kunswerke en kunstenaars kan gerig word aan visualpoets@mosaiek.com

**Nagmaal** word vier Sondae per jaar bedien. In die Klipkerk is nagmaal elke Sondag en op ander geleenthede deur die week beskikbaar.

***Recycling bins* ...** Afsonderlike asblikke vir die herwinning van glas, papier ens. is op die suid-westelike deel van die perseel geleë.

***Retreats* / Spirituele ontwikkeling & -begeleiding ...** spesifieke geleenthede gedurende die jaar om eenkant te kom asook een-tot-een gespreksgeleenthede om opnuut bewus te word van God en sy teenwoordigheid in ons lewens ...
Neels van der Bergh – neelsv@mosaiek.com / 011 215 7208

**Wholeness ...** Vir meer inligting oor Wholeness se dienste, leerervarings en ondersteunings-groepe besoek gerus Wholeness se inligtingstaanders in die Wholeness-sentrum en by die i-desk in die Teatro.

## missional expressions ...

**missional expressions leader**
*jeanetta basson*
*jeanettab@mosaiek.com*

**missional impact**
*(churches)*
*gert basson*
*gertb@mosaiek.com*

**embark foundation**
*(social upliftment)*
*louise rivett*
*www.embarkfound.co.za*
*louiser@embarkfound.co.za*

**enquiries**
*011 268 4702*
*missions@mosaiek.com*

**emthonjeni community centre**
*www.emthonjeni.com*
*info@emthonjeni.com*
*http://emthonjeni.blogspot.com/*

***emthonjeni navigator***
*vic maritz*
vicbb2000@yebo.co.za

**oasis sa**
*(missional partner)*
*www.oasisza.org / info@oasisza.org*

## wholeness@mosaïek ...

**fisiese dienste**
mediese praktisyn, groen apteek, dieetkundige, oefenprogramme
*susan du plessis 011 215 7215*
*susand@mosaiek.com*

**pastorale sorg**
huwelike, begrafnisse, persoonlike berading, ondersteuningsgroepe, seniors, siekebediening, verhoudings-berading
*kinny sinden-combrinck*
*011 215 7207 / kinnys@mosaiek.com*

**emosionele dienste**
terapeutiese- / sielkundige dienste, kindersielkundige
*pikkie haasbroek011 215 7209*
*pikkieh@mosaiek.com*

Alle professionele gesondheidsdiensleweraars (geneeshere, fisioterapeute, dieetkundiges, sielkun-diges ens.) by Wholeness word gereguleer deur hulle toepaslike beheerliggame. Aangesien die diensverskaffers onafhanklik van Mosaïek bestaan en praktiseer, kan Mosaïek gevolglik nie verant-woordbaar gehou word nie. Tariewe word bepaal deur die onderskeie diensleweraars en / voor-geskrewe tariewe van die beheerliggame.

**In 'n noodgeval** ...
bring dit onder die aandag van die dienskoördineerder by die media-sentrum of een van ons verwelkomers.
In die geval van 'n kragonderbreking, sal dit een minuut neem vir die kragopwekkers om geaktiveer te word.

***Translation* / Vertaling** ...
*Our sermons can be enjoyed via English simulcast. Radio receivers are available at the i-desk in the foyer. You are welcome to collect it prior to the service commencing.*

**Persoonlike gebed of geestelike gesprek** ...
Na afloop van die dienste is daar geleentheid vir persoonlike gebed, gesprek of voorbidding in die Klipkerk.

**Vandag se preek** ...
is op CD beskikbaar by die Media-bediening in die Teatro se ingangs-portaal. Die preke kan ook in MP3-formaat afgelaai word vanaf www.mosaiek.com/mosaiek-speler en op *podcast* by http://mosaiek.podbean.com

## bankbesonderhede ...

Bedryfsuitgawes wat bediening moontlik maak, word deur tiendes en finansiële bydraes gefinansier. As hierdie bediening en ruimtes vir jou betekenisvol is en jy 'n bydrae sou wou lewer ...
**Mosaïek, ABSA Cresta, Takkode: 516805, Rekeningnr: 01009131686 ( Tjekrekening )** of **www.mosaiek.com/donasie**. Meld asseblief lidnommer, voorletters en van.
(Tiendekoeverte is by die i-desk beskikbaar.)

***Invest***, ons ontwikkelings-fonds dien jaarliks vyf oog-merke wat grootliks deel met kapitaalbehoeftes en strategiese ontwikkeling ...
**Mosaïek, ABSA Cresta, Takkode: 516805, Rekeningnr: 01017921688 ( Tjekrekening )** of **www.mosaiek.com/donasie**. Meld asseblief lidnommer, voorletters en van.

**pastorale sorg-noodlyn ...**
082 372 6818
gebed@mosaiek.com

Vrywaring – Indien daar foto's of video-materiaal by Mosaïek geneem word (tydens dienste of enige ander geleentheid) mag dit dalk vir media-doeleindes gebruik word.



# kontak

## mosaïek *am*

**08:30 & 10:15**
**'n informele byeenkoms waartydens relevante lewens-*issues* aangespreek word.**

## mosaïek *pm*

**18:30**
**die aandbyeenkoms herhaal gewoonlik die oggendtema en word spesiaal verweef met die nuwe generasie in gedagte.**

## *lectio divina* [ 17:30 ] klipkerk

**'n belewenis-gerigte geleentheid waarin ons saam die Christen-dissiplines van stilte, bepeinsing, simbole, rituele, ens. beoefen.**

**mosaïekkantore**
**t: 011 268 4700**
**f: 011 268 4800**
**info@mosaiek.com**
**www.mosaiek.com**
**posbus 1658,**
**fairland, 2030**
**daniellestraat, fairland**
**f: mosaiekkerk**
**: @mosaiek**
**pbo nr: 930021909**

**i-desk**
... ingangsportaal van die **teatro**

**babakamer**
... agter in die **teatro** en die *lounge*-area met speelraam in **viaticus *lounge***

**tee / koffie**
... in die **communio**, **piazza** of besoek **café familia** of **viaticus *lounge***

# die kuns van lewe!